NUUSBRIEF Maart 2024

NUWE EPOSADRES – boesmansratepayers@gmail.com

Hersien asseblief jou bankbesonderhede.

DANKIE!!!

Ons opregte dank gaan aan al die skenkers ten bate van ons verskeie projekte. Nou kan ons voortgaan met al ons projekte. Ons het begin met die opgradering van die agterste deel van die dorpsaal. Die herstel van die dak op sigself sal sowat R 30 000 kos. Dit gaan ‘n reuse poging wees om dit as ‘n bruikbare deel van die saal te inkorporeer.

Saalbesprekings word via Whatsapp +27 83 876 7000 gedoen. Alle navrae sal so gou as wat redelik moontlik is deur ons komiteelid, Sue Muirhead, wat die register vir besprekings hou, beantwoord word.

The raadsaal is beskikbaar vir vergaderings. Daar is ook gratis WiFi vir een uur beskikbaar.

Onder:

Herstel en opgradering van die saal - komiteelede, vriende en ons personeel maak die verskil!!

Jaques, Duard, Daryl en Robert.

En daarna ….

PAASFEES KUNSMARK – SATERDAG 30 MAART

Sluit asseblief by ons Paasfees Kunsmark aan op 30 Maartl 2024 op die stoep van die dorpsaal:

JAARLIKSE LEDEGELD

Weens die buitengewone hoë koste vir onderhoud en herstel het ons die jaarlikse ledegeld verhoog na R 500. Dit die eerste verhoging van baie jare, maar lede kan verseker wees dat

elke sent met wysheid en tot voordeel van die gemeenskap spandeer word. Hernu asseblief jou lidmaatskap deur inbetaling in ons rekening met jou naam en straatadres as verwysing. Ons gee aandag aan baie van die onderhoud in ons dorp, het uitgawes vir die tennisbane en het bystand nodig.

WHATSAPP GROEP VIR LEDE

Ons het ‘n WhatsApp-groep vir opbetaalde lede van BRRAG opgestel. Dit is ‘n addisionele kommunikasiekanaal om kommunikasie met lede te verbeter. As jy op die groep was, sou al die bogaande nuus reeds aan jou bekend gewees het soos dit gebeur het. As jy wil aansluit, stuur asseblief jou naam en van en selfoonnommer aan ons per epos na boesmansratepayers@gmail.com met die woorde WhatsApp groep in die onderwerplyn.

WATER WATER WATER

Soos ons almal weet, het ons area periodes van sowel lae as geen water nie ondervind. Sekere areas het jarelank al geen water nie. Sommige lede van ons gemeenskap is al jarelank lid van watergroep waar belastingbetalers, Ndlambe, Departement Waterwese sowel as Amatola Water verteenwoordig word. By hierdie groep kon ons insette en advies lewer. Een so inset was dat ons geen vertroue in Amatola se vermoë het om voldoende water te verskaf nie. Nota: Amatola is die verskaffer van water (soos ander waterrade in die land) en dit verskaf water aan Ndlambe. Maar die produksie was/is so onvoldoende dat hulle nooit hulle mandaat ten volle uitgevoer het om voldoende water aan hulle kliënt, Ndlambe, te verskaf nie met die gevolg dat Ndlambe nie voldoende water aan ons, sy verbruikers kon verskaf nie. Deur die onvermoeide werk van die Waterforum word dit nou aanvaar dat Amatola nie daartoe in staat is om die waterverskaffingsaanleg doeltreffend te bestuur nie en vervang moet word. Dit is reeds algemeen bekend en word deur almal aanvaar, insluitend Amatola. Hierdie stap is ‘n eerste oorwinning vir ons gemeenskap wat nou kan uitsien na ‘n nuwe waterprodusent. ‘n Oorvloed van water sal nie oornag kan beskikbaar wees nie, maar dit is ‘n begin. Sodra Amatola vertrek het (en dit blyk dat hulle alle belang verloor het sedert dit bekend is dat hulle

moet vetrek), sal dit ‘n hele proses behels om nuwe eienaarskap van die aanleg en produsent van water aan te stel. In regeringskantore word hierdie dinge nie vinnig opgelos nie, maar ons is gelukkig kan insette gelewer en druk uitgeoefen. Sodra eienaarskap opgelos is, moet gekyk word na ‘n moontlike oorplasing van die aanleg na Ndlambe. Dan eers kan Ndlambe ‘n privaatkontrakteur kry en aanstel, wat slegs in so groot projek sal belê as hy sekuritiet vir sy belegging kan kry (byvoorbeeld sekuriteit in die wateraanleg soos ‘n verband). Dan is daar aankoperegulasies (ongekwalifiseerde tenderpreneurs staan reg) waaraan Ndlambe moet voldoen. Hierdie ontwikkelings sal sonder twyfel tyd neem maar dit is binne ons bereik dat ‘n privaatkontrakteur aangestel sal word om die waterproduksie by die tru-osmose-aanleg oor te neem. Solank ons ‘n gerespekteerde operateur kry en nie ‘n swendeloperateur of -tenderpreneur nie … is dit goed om te weet dat ons stadig maar seker in die regte rigting beweeg. Geen opsweping deur politici of sosiale mediagroepe sal die waterprobleem oplos nie. Dit vra koelkoppe by die regte forum om by die regte besluit uit te kom vir ons probleem van skaarste aan water.

MUNISIPALE WAARDASIELYS

Ndlambe eiendomswaardasies

Ndlambe moet eiendomsbelasting baseer op op werklike markwaarde van eiendom.

Munisipaliteite moet die belasting van eiendomme binne hulle jurisdiksie van die werklike waarde uitwerk.

‘n Formele proses is gevolg waarby elke eiendom in Ndlambe geëvalueer is soos ook op 30 June 2023.

Beginsels wat toegepas is

- Ndlambe het spesialiswaardeerders aangestel om die evaluasies te doen.
- Vorige waardasies is nie in ag geneem nie.
- Waardasies is geldig vir die volgende 5 jaar.
- Foute is dalk deur waardeerders gemaak.
- Besware kan gemaak word en elkeen sal in ag geneem word met terugvoering.
- As eienaars van eiendom nie tevrede is met die uitkoms van die beswaar nie kan die saak na die waardasiehof verwys word.
- Munisipale diensvlakke het niks met waardasies te doen nie.
- Waardasies deur eiendomsagentskappe mag nie in ag geneem word nie aangesien hulle nie geregistreede waardeerders is nie.

Werkswyse van waardeerders

- Hulle eie lugoperasies is gebruik.
- Foto’s is van straatvlak af geneem met spesiale voertuie.
- Eiendomspryse is vir verskillende areas gebruik.
- Google earth is as instrument gebruik.
- Lightstone eiendomsevalusie se stelsel is gebruik.

-

Eienaar van eiendom se verantwoordelikheid

- Dit is die eienaar van elke eiendom se verantwoordelikheid om die voorlopige waarde van elke eiendom te evalueer.
- Besware moet op die Ndlambe beswaarvorm vir residensiële eiendom beskikbaar op die Ndlambe webruimte gemaak word.
- ‘n Beswaarnommer word aan jou verskaf.
-

Enkele wenke vir beswaarmaking

- As jy nie seker is nie of nie die beswaar kan maak nie, kry hulp
- Neem die werklike waarde van jou eiendom in ag.
- Ignoreer jou vorige waardasie. Dit is nie gebruik nie en is of is nie korrek nie.
- Huis se ouderdom.
- Konstruksie van die eiendom, bv hout, baksteen ens.
- Grootte van die huis.
- Vloed en ander risiko’s.
- Gebruik foto’s om jou beswaar te ondersteun.

Ndlambe Belastingbetalersforum /Ratepayers’ Forum (NRF)

- Alle Ndlambe belastingbetalersorganisasies word op die NRF verteenwoordig.
- NRF het met Ndlambe vergader om die belastingbetalers se besware te bespreek en die impak van verhoogde belasting (25% gemiddeld) op belastingbetalers en pensioenarisse.
- Areas van bekommernis word uitgewys.
- Eiendomseienaars kan uit hulle eiendom uit belas word.
- Pensioenbeleid is nie voldoende nie en sluit baie mense uit. Sal by begrotingsvoorbereiding aangespreek word.
- Eiendomsbelasting van Ndlambe is van die hoogste kategorie in Suid-Afrika. Ndlambe sal kyk of dit verlaag kan word na die waardasielys gefinaliseer is en inkomste vasgestel kan word.
- Skuldinvordering kan verbeter word om die belastinglas oor die wydste basis moontlik te deel.

BRRAG se aksies

- ‘n Bespreking en inligtingsforum in die BRM Dorpsaal gedurende Maart 2024.
- Bywoning van die NRF-vergadering en lewer van insette.
- Gesprekke met sommige lede op ‘n een-tot-een -basis.
- Organiseer nog ‘n inligtingsessie gedurende die week van 25 Maart 2024 in die BRM Dorpsaal.
- Verskaf kontakbesonderhede van spesialis wat kan help met besware teen R2500.

SNIPPERS

100-Klubwenners – Veels geluk

Wenners van 100-Klub Februarietrekking:
1. Peter Campbell (nr 93) R975
2. Martin Smith (nr 30) R650

3. Lientjie Minnaar (nr 35) R475.

- **KUNS OP DIE STOEP – DORPSAAL**
  Elke laaste Saterdag van die maand 10:00 – 14:00

- Skryf ook die Paasnaweek Kuns op die stoep 29 and 30 March in jou dagboek.

Het jy geweet?

Wat is die vreemde nat kolle op ons droë paaie en tuinpaadjies? Sal jy glo dat dit die afskeiding van ‘n insek is? Die spoeginsek behoort aan die *Cercopidae* - familie. Ons kry die spoeg op verskeie plante en bome en word in die algemeen as onskadelik beskou vir die plante waarop hulle uitbroei.

Die spoeggogga skei ‘n beskermende skuim af om hulle kleintjies gedurende die papiestadium te beskerm. Die papies suig plantsap met hulle skerp mondjie en raak ontslae van die vloeistof wat soos borrels deur die abdomen beweeg. Die borrels meng met lug en vorm saam met die skuim uit die gogga die tipiese skuimerige spoeg.

Die papies koek saam in die spoegmassa. Hulle kan nie in droë sonskyn toestande leef nie, dus hou die skuim die papies koel terwyl hulle gevoed word. Die skuim bied ook skuiling teen voëls, ander insekte en omgewingstoestande. Die spoeg is ook insulerend en help hou die temperatuur vir ‘n gunstige mikroklimaat.

Waarom val die spoeg op die grond? Dis ‘n natuurlike gevolg van die papies wat langs die stamme en blare kruip en gaan ook los weens wind en reën.

Die volwasse stadium van die spoeggogga noem ons die skuimbesie (Engels frog-hopper) en lyk effens na ‘n paddatjie. Anders as die papies spring die volwasse spoeggogga van plant tot plant opsoek na geskikte sap en maats.

STERTJIE

Padteken in Clarens, Vrystaat.

Die BRRAG-span

boesmansratepayers@gmail.com